Skrifgedeelte: Genesis 49:27 en Rigters 19:1-5, 16-20, 25-20:1, 20:44-21:7 en 21:17-25

Teksvers: Genesis 49:27

Tema: Wolf, wolf hoe laat is dit?

Die meeste van ons ken die speletjie waarin `n groep kinders agter een kind aanloop en die heeltyd skree "Wolf, wolf, hoe laat is dit?". Die kind wat voorloop sal dan antwoord deur `n tyd te sê, byvoorbeeld 14:00 of 16:00. Maar wanneer "wolf" skree "etenstyd!" sal hy omspring en een van die kinders probeer gryp wat hom volg. Die tyd het aangebreek dat wolf vir hom `n skapie vang vir aandete. Die vet is in die vuur.

Só gaan ons ook soms deur die lewe met sekere sondes. Ons hou aan om te loop en tart, baie bewus van wat gaan gebeur wanneer hierdie sonde ons inhaal, maar ons hou aan met die hoop dat dit nie "etenstyd" is nie. Ons sal aanhou en aanhou met iets, wat ons goed weet baie slegte gevolge kan inhou, met die hoop dat dit ons nie vang nie. Ons sal byvoorbeeld weet dat dit wat ek doen - of dit nou drank, pornografie, dobbelary of wat ook al is - gevaarlik is en van my verhoudings heeltemal kan vernietig. Tog sal ons aanhou om dit te doen want op `n manier vind ons bevrediging.

En só het hierdie stam Benjamin ook maar gemaak. Jakob beskryf hierdie seun van hom nie net as `n wolf nie, maar hierdie wolwe tart ook met die sondes wat hulle doen. Hulle gaan aan en verskeur hulle eie mense om hulle eie drange en luste te bevredig. Die verhaal van die Leviet se byvrou in Rigters 19 tot 21 is `n besonderse voorbeeld van hoe hierdie stam telkens weer gegaan het en soos wolwe hulle prooi verskeur het as hulle maar net kan doen waarvan hulle hou.

Tog sal ek nie die volle prentjie skets as ek nie ook wys na die goeie mense wat uit die stam Benjamin gekom het nie. Benjamin, só het ons gehoor in Rigters 19-20, was besonderse soldate. Hulle was linkshandig en ontsettend goed met `n slingervel - hulle kon selfs `n haar raak gooi met `n slingervel! En uit hierdie stam het daar belangrike persone na vore gekom wat baie gedoen het vir die volk van die Here. Daar was Ehud, wat koning Eglon dood gemaak het en só die volk gered het. Daar was koning Saul - die eerste koning van Israel, wat die volk vir `n tyd lank goed gelei het. En dan was daar Ester en Mordegai, wat die volk gehelp het toe die volk deur koning Ahasveros onderdruk was. Laastens was daar Paulus, eers `n vervolger van die kerk en later die groot apostel onder die heidene. Hy was ook uit die stam Benjamin!

Maar ten spyte van hierdie "goeie" mense wat uit die stam Benjamin gekom het, het die stam hierdie geneigdheid gehad om die slagoffers van hulle begeertes heeltemal te verslind, solank hulle begeertes bevredig kan word. Hulle sal mense en verhoudings heeltemal breek as hulle maar net hulle sin kry.

Daar is eintlik `n groot versamelnaam vir hierdie tipe sonde wat die stam Benjamin gedoen het - verbondsoutomatisme. Dit beteken dat hulle die ingesteldheid gehad het dat hulle mos nou deel van die verbond is, so hulle kan nie uit die verbond val nie en hulle kan maar aangaan en doen wat hulle wil. Hulle hoef nie werklik te lewe soos die Here wil hê hulle moet lewe nie. Anders gestel: omdat hulle deel was van die verbondsvolk van die Here, kan hulle maar aangaan soos hulle wil, hulle gaan in elk geval hemel toe.

Hoe hartseer is dit nie eintlik nie?! Hulle het hierdie onbeskryflike genade gekry om die Here werklik te leer ken en tog gooi hulle dit terug in sy Gesig deur nie te lewe soos Hy vra nie. Die Here kom en trek hulle nader aan Hom en gee vir hulle nuwe lewe en Hy maak Homself bekend aan hulle - nie net as die Skepper nie, maar ook as die God van liefde - en hulle besluit in wese dat Hy nie belangrik genoeg is nie. Hy en sy Wil is minder belangrik as hulle begeertes, voorkeure en wat vir hulle reg is.

Maar voor ons die Benjaminiete van wolwe-gedrag wil beskuldig, moet ons na onsself ook kyk. Een van die grootste redes waarom ons as kerk in Suid-Afrika vandag nie groei nie, is presies weens hierdie sonde of ingesteldheid van "verbondsoutomatisme". Ons, as kerk, het `n passesierskip geword waarin ons rustig sit terwyl die kaptein ons hemel toe moet laat vaar. En ai, die kaptein moet tog nou net nie die bootjie skud nie! Ons is mos nou deel van die kerk - nou hoef ons niks meer te doen nie. Nou kan ons terug sit en ons besig hou met ons eie sake. Só dink ons baie keer.

Ongelukkig trap ons soms in dieselfde slagyster dat ons só begin baklei vir ons sienings oor sekere dinge en oor hóé ons van dinge in die kerk en in eredienste hou dat ons byna mekaar verskeur. Ons verslind mekaar se harte en word op die einde meer van `n struikelblok vir mekaar as wat ons mekaar in liefde opbou en na Jesus Christus toe wys.

En die hartseer is dat ons dikwels só besig raak met hierdie dinge van die Here, en ons doen dit in die naam van godsdiens, dat ons nie meer by die Here uitkom nie. Soos Paulus op `n plek vir Timoteus waarsku: "Hulle sal nog die uiterlike skyn van die godsdiens hê, maar die krag van die godsdiens sal hulle nie ken nie."

Paulus sê dit, want wanneer ons só besig is met die dinge waarvan ons hou, is ons fokus nie meer op Jesus Christus, die Begin en Voltooier van ons geloof, nie. Dan doen ons hierdie dinge uit eie krag en beheer die Heilige Gees nie meer ons lewe nie. Juis daarom dat Paulus in Romeine 13 vir die gelowiges sê: "Die nag is byna verby: dit is amper dag. Laat ons dan ophou met die werke van die duisternis; laat ons die wapens van die lig opneem...julle moet lewe soos volgelinge van die Here Jesus Christus en nie voordurend daarop uit wees om julle sondige begeertes te bevredig nie."

Toe Jesus Christus ons verlos het, het Hy ons nie net van die dood verlos nie, maar ook van `n lewe wat gekenmerk word deur sonde en my eie begeertes. Die feit dat Jesus jou Verlosser is, beteken dat jy nou aan Hom behoort en dat Sy lewe elke dag al hoe meer moet duidelik word in jou lewe. Jy moet minder word en Hy meer.

Wat hierdie seën oor Benjamin dus vir ons vandag beteken, is dat elkeen van ons na die Heilige Gees toe moet vlug en moet smeek dat Hy ons sal verander. Dit beteken dat ons opnuut weer moet bid dat die Heilige Gees ons weer sal wys wat die wil van die Here is - wat vir Hom goed, aanneemlik en volmaak is en dat ons daarop sal fokus. Hierdie gedeelte roep ons op om erns te maak om van nuuts af weer te groei in ons verhouding met die Vader en die Seun deur die werk van die Heilige Gees. Eenvoudig gestel: ons moet ons sondes bely en vir mekaar bid, sodat ons gesond kan word!

Broer wolf en suster wolf, hoe laat is dit? Die nag is byna verby. Dit is amper dag! Laat ons daarom ophou met die werke van die duisternis en die wapens van die lig opneem. Laat God jou verander deur jou denke te vernuwe, deur die werk van die Heilige Gees, dan sal ons kan onderskei wat die wil van die Here is. Wat vir Hom goed en aanneemlik en volmaak is.

Amen.